

**Die Stryd om Kerklike
Eenheid onder die
Afrikaners in Argentinië
1915 – 1954**

Proefskrif ingehandig deur

Frans Roelf Petrus de Bruyn,
B.A., Th.M.

Ter verkryging van die Graad

THEOLOGIAE DOCTOR

aan die P.U. vir C.H.O.

Promotor: Prof. dr. G.P.L. van der Linde



Klerksdorp
11 Desember 1979

VOORWOORD

As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou...
(Ps. 127: 1).

By die voltooiing van hierdie studie wil ek in die eerste plek my dank betuig aan die HERE vir die krag en gesondheid, wysheid en insig wat Hy my daartoe gegee het. Mag hierdie werk dan ook die uitbreiding van sy Koninkryk dien.

Vir prof. dr. G.P.L. van der Linde, my geagte promotor, het ek groot waardering. Sy bereidwilligheid om te help, sy wyse advies en leiding was vir my 'n bron van inspirasie en het my taak vergemaklik. As ek hom bedank, dan doen ek dit van harte.

Graag wil ek ook alle personeellede van die argiewe en biblioteke waar ek navorsing gedoen het, bedank vir hulle vriendelike hulp en bystand. Die bereidwilligheid waarmee mev. M.F. Venter van Klerksdorp my met die tikwerk gehelp het, word veral hoog waardeer. Ook aan ds. E.F.J. Snyman wat vir die proeflees en drukwerk verantwoordelik was, my hartlike dank.

My godvrugtige ouers wat met liefde en toewyding my tot selfstandigheid en volwassenheid gelei het, wil ek in my dankbetuiging nie verbygaan nie.

Valeria, my vrou, en Chris en Louise, ons kinders, se bystand, belangstelling en opoffering het vir my baie beteken.

F.R.P. de Bruyn.

Klerksdorp,
11 Desember 1979.



INHOUD

Voorwoord	i
Inhoud	iii
Verantwoording	x

HOOFSTUK 1. Inleidende agtergrond.

.....	1
-------	---

HOOFSTUK 2. Die Periode van Samewerking: 1915–1925.

.....	8
1. Die wyse van samewerking.	10
2. Hoe die „Kerkraad” sake gereël het.	14
3. Die „Kerkraad” sorg vir die lidmate in die verstrooiing.	18
4. Die verhouding tot die Klassis Buenos Aires.	20
5. Die Onderwysvraagstuk.	26
6. Ds. Sonneveldt se kontrak met die „Kerkraad”.	32
7. Samevattende Konklusies.	38

HOOFSTUK 3. Die Samewerking bedreig.

.....	41
1. Die Terugkoms van ds. Sonneveldt verdraag.	41
2. Onrus broei in Chubut.	44
2.1. ’n Gemeentevergadering word gehou.	45
2.2. Die onrus was beperk.	49
3. Tjaart van der Walt dwarsboom Kerklike Eenheid.	52
3.1. Sy Persoonlikheid.	52
3.2. Die „Spider- en Ekstra-dienste” Kwessie.	53
3.3. Die Van der Walt/Hogendorp-verhouding.	55
3.4. Van der Walt en sy Gesange-stryd.	57
3.5. Van der Walt bots met Sonneveldt.	59
4. Samevattende Konklusies.	71

HOOFSTUK 4. Die Samewerking Verbreek.

	73
1. Die Algemene Armsorgkommissie neem oor	73
2. Reaksie.	75
3. 'n Eiesoortige Toestand in Chubut.	76
4. Ds. Sonneveldt se Verwagtings.	79
5. Hoe ds. Luckhoff sy Opdrag gesien het	80
6. Ontvangs van ds. Luckhoff.	81
7. Ds. Luckhoff ontmoet die „Kerkrad”	83
8. Ds. Luckhoff reis die „Kolonie” deur.	85
9. Die samewerking verbreek.	89
10. Organisasie.	95
11. Ds. Luckhoff se optrede geregverdig.	98
12. Ds. Sonneveldt se reaksie.	101
13. Samevattende Konklusies.	102

HOOFSTUK 5. Die Nederduits Gereformeerde Kerk Chubut word herstig.

	104
1. Voorbereidings deur die Waaksaamheidskommissie	104
2. Ds. Luckhoff doen verslag.	105
3. Voorbereidings.	106
4. Ds. Wasserfall se opdrag.	108
5. Ds. Wasserfall se bydrae.	109
6. Die Gemeente Chubut word gestig.	114
7. Ds. Hurter rond die stigting af.	118
8. Die Stryd om Registrasie van die kerkerf.	121
9. Die eerste predikant.	126
10. Samevattende Konklusies.	130

HOOFSTUK 6. Ontwikkeling in die Nederduits Gereformeerde Kerk Chubut.

	132
1. Die aard van die Herlewing.	133
2. Twis.	137
3. Finansiële Probleme.	148
4. Samevattende Konklusies.	160

4.1. Die stigting 'n kunsmatige skepping.	160
4.2. Omstandigheidsfaktore.	160
4.3. Die Wyse van Kerkregering.	161
4.4. Die Geestesklimaat in Argentinië	161
4.5. Die ongereelde bediening.	162
4.6. Die ideaal van 'n Kolonie.	162

HOOFSTUK 7.

Die verhouding tussen die Gereformeerde Kerk en Nederduits Gereformeerde Kerk in Chubut tot ongeveer 1936.

1. Geveg om lidmate.	164
2. Die hantering van die Sonneveld/Van der Walt-kwessie	165
3. Register.	172
4. Die „Avondmaalkwessie”.	176
5. Die Bybelfees-kwessie.	178
6. Die optrede van ds. Wasserfall.	186
7. Samevattende Konklusies.	195
	215

HOOFSTUK 8.

Die Onderwysvraagstuk in die Stryd.

1. Die Onderwyssituasie in 1926.	220
2. Ds. Luckhoff sit die wiel aan die rol.	221
3. Ds. Wasserfall neem oor.	222
4. Ds. Hurter en sy C.N.O.-aksieplan.	224
5. Reaksie van die Gereformeerdes hierop	228
6. Die eerste Periode: Mei 1928—Mei 1929	233
6.1. Die Reëlingskommissie berei die weg voor	238
6.2. Die Dorpskool word geopen.	239
6.3. Reëlings in verband met die buiteskole	241
6.4. Donker wolke pak saam.	243
6.5. Die laaste skakel van samewerking verbreek	246
7. Die tweede Periode.	250
7.1. Verskeie huishoudelike reëlings.	253
7.2. Die toestand aan die einde van die tweede Skooljaar.	259
7.3. Die wa op die afdraende pad.	255
7.4. Die Sierra Victoria-skoolkwessie.	258
7.5. Die konflik oor salarisse.	260
	262

7.6. Nog meer oor die onderwys.	279
8. Die derde periode: 1931-1936.	281
8.1. Ds. Van Huyssteen se poging.	281
8.2. Ds. P.J. van Vuuren se poging.	283
8.3. 'n Nuwe wending.	289
8.4. Ds. H.J. Piek se poging.	294
9. Samevattende Konklusie.	300

HOOFSTUK 9. Die Samewerking Herstel.

1. Samewerking – weer in die lug.	302
2. Skape sonder 'n herder.	306
3. Ds. Sonneveldt se hart kloep warm.	310
4. Die oë nog steeds op Suid-Afrika gerig.	311
5. Toenadering.	320
6. Die Samewerking herstel.	322
7. Die Samewerking herstel.	324
7. Samevattende Konklusie.	327

HOOFSTUK 10. Die Laaste Stap – Eenwording.

1. 'n Permanente predikant vir Chubut 'n Noodsaaklikheid.	328
2. Student Geertsema gee momentum aan die gedagte.	328
3. Nog 'n Hupstootjie.	330
4. Teleurstelling, verwarring.	331
5. 'n Nuwe Wending.	334
6. Die Kerklike Situasië in Chubut – 1952.	336
7. Kerklike Eenheid kom in Sig.	341
8. Kerklike Eenheid – net 'n hersinskin.	342
9. 'n Nuwe Bedeling Breek Aan.	344
10. Selfstandigwording.	351
11. Slot.	353
BYLAES.	354
BIBLIOGRAFIE.	357
	381





Die Emigrante stap aan wal — 1905.

VERANTWOORDING

Op die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wat in 1979 gehou is, is opnuut deputate benoem om gesprek met die „Nederduitse Gereformeerde Kerk” en die „Nederduits Hervormde Kerk” in Suid-Afrika te voer (Handelinge, 1979, p. 33, 457, 646). Die doel van die gesprek is onomwonde gestel, naamlik „om tot kerkeenheid te kom” (Ibid., p. 33). Kerkeenheid is roeping (Joh. 17; I Kor. 12).

Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika verkeer dan ook sterk onder die indruk van die roeping. By elke meerdere vergadering, voordat met die werksaamhede begin word, word verklaar dat dit die kerke se wens is „om met alle kerke in hierdie wêrelddeel en in ander lande wat dieselfde met ons bely en betrag, die innigste broederlike gemeenskap en korrespondensie te onderhou” (Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, p. 65). Met droefheid moes die deputate op die Nasionale Sinode van 1979 verklaar dat die doel nog nie bereik is nie.

Van 1954 kon daar egter geskryf word dat dit die jaar was waarin „de eenwording” tussen die Gereformeerdes en Nederduitse Gereformeerdes in Argentinië sy beslag gekry het (Rullmann, p. 85). Dat dit ’n verruklike mededeling is, kan nie weggedeneer word nie.

Die begeerte dat dit ook met betrekking tot die drie Afrikaanse kerke gesê kan word, word seer sekerlik hierdeur gestimuleer. Vanaf die aankoms van die eerste Afrikaners in Argentinië is die roeping tot kerklike eenheid onder hulle aldaar sterk aangevoel. Dat daar egter ’n hewige stryd om tot kerklike eenheid te kom, gevoer sou word, het hulle op daardie stadium nie vermoed nie. Die stryd wat rondom die ideaal ontbrand het, het die kerklike lewe van die Afrikaners in Argentinië grootliks bepaal en kan vir geen moment van die kerklike lewe van die Afrikaners aldaar losgemaak word nie.

Presies na 51 jaar se stryd, dus 51 jaar na die stigting van die eerste gemeente in Chubut (Chubut was die betrokke provinsie waarin daar grond aan die „Boera” — so is die Afrikaners se nasionaliteit in Argentinië aangegee — toege-sê was en waar hulle hul sedert 1902 gevestig het), is die ideaal van kerklike eenheid bereik.

Die feit dat daar nog nooit vantevore 'n studie op welke gebied ookal oor die Afrikaners in Argentinië die lig gesien het nie, beklemtoon die belangrikheid van die werk. Daar is dus, as gevolg van bovermelde feit, tot op hede 'n leemte in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis gelaat. Met hierdie studie wil ons dus 'n ontbrekende bladsy in die geskiedskrywing aanvul as 'n belangrike hoofstuk ook in ons Vaderlandse geskiedenis. Terselfdertyd vertrou ons dat die bereiking van die ideaal onder die Afrikaners in Argentinië 'n prikkel sal wees tot verskerpte pogings om tot kerkeenheid tussen die drie Afrikaanse kerke te kom. Hierdie werk kan moontlik, deurdat dit die haakplekke om tot kerklike eenheid onder die Afrikaners in Argentinië te kom, aantoon en belig, 'n bydrae lewer ten opsigte van huidige pogings op dié gebied.

Die doel van die studie is gevolglik om die stryd om tot kerklike eenheid onder die Afrikaners in Argentinië te kom, in die periode 1915 – 1954, bloot te lê; om die sondige motiewe en kerklike praktyke wat in die nastrewing van die ideaal 'n hindernis was, te omlin en na vore te skuif.

By nadere ondersoek het dit geblyk dat daar in Suid-Afrika geen noemenswaardige publikasies verskyn het waarin die Kerk onder die Afrikaners in Argentinië volledig behandel is nie. In sy *Reisavonture op land en see* ('n Dómine, Kaapstad, 1920) raak ds. A.J. Jacobs in enkele bladsye, maar op 'n populêre manier, die kerklike lewe van die Afrikaners in Argentinië aan. Hierbenewens kry ons slegs die rapporte van eerstens ds. A.D. Luckhoff (*Die Afrikaners in Argentinië*, Kaapstad, 1926), en daarna ds. D.P. van Huyssteen (*'n Besoek aan die Boere in Argentinië*, Kaapstad, ongedateer) wat in ietwat verwerkte vorm die lig gesien het. In laasgenoemde twee werkies word die geskiedenis van die kerklike institute in Chubut, Argentinië, op 'n baie beknopte en eensydige wyse weergegee.

Met groot verwagtinge en opgewondenheid is ek dus in 1972 na Argentinië, met 'n ad hoc-toekenning van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. In my verwagtinge was ek nie teleurgesteld nie. Baie oorspronklike bronne in verband met die Afrikaners en hulle kerklike lewe aldaar, is opgespoor. Rustig kon ek dit nagaan en alle inligting versamel.

Die Gereformeerde Kerkargief te Buenos Aires en Comodoro Rivadavia bied waardevolle studiemateriaal wat navorsing oor die Kerk onder die Afrikaners in Argentinië die moeite werd maak. Ek het ook die voorreg gehad om 'n hele aantal gesprekke te voer met die Argentynse geskiedkundige, dr. Armando Braun Menéndez, wie se belangstelling onder andere die Afrikaners in Argentinië is. Dit het 'n waardevolle bydrae gelewer tot beter begrip van

die destydse omstandighede in Argentinië. Hy het ook waardevolle studiemateriaal aan my verskaf. In 1970 het hy reeds 'n brosjure die lig laat sien onder die opskrif *La Colonization Boer en la Patagonia* (Braun Menéndez, Buenos Aires, 1970). Ook die brosjure bevat waardevolle inligting wat vir die kerkgeskiedskrywing onontbeerlik is. Tydens my navorsing in Argentinië is deur verskeie Afrikaners aldaar feitlik alle beskikbare historiese materiaal sonder reserwe aan my oorhandig.

Hierdie private versameling dokumente werp belangrike lig op die kerk en die stryd om tot kerklike eenheid onder die Afrikaners in Argentinië te kom. Saam met die versameling dokumente van wyle ds. J.M. Opperman wat van 1952 – 1953 predikant in Chubut, Argentinië, was, en deur hom in 1973 aan my geskenk is, vorm dit vandag een van die waardevolste versamelings om 'n volledige oorsig oor die kerkgeskiedenis van die Afrikaners in Argentinië te kry.

Van die belangrikste dokumente is egter te vind in die Nederduits Gereformeerde Kerkargief in Kaapstad. Onder die opskrif G. 80 1/1 – 1/3 is die notules van die Nederduits Gereformeerde Kerkrad Chubut vanaf 1903 tot Maart 1938 te vind; onder 3/1 tot 3/4 die doop-, lidmaat- en huweliksregisters; onder 4/1 – 4/5 diverse sake; onder 5/1 resorteer die kerkerkwessie; onder 6/1 – 6/12 kan alles in verband met die finansies gevind word; onder 7/1 – 7/2 word alle dokumente rakende die Repatriasiebeweging gevind; 8/1 – 8/7 bevat alles rakende die C.N.O.-aksie; 9/1 – 9/6 huisves alles in verband met die Nederduitse Gereformeerde Vrouebond; 10/1 bevat 'n belangrike manuskrip deur F.D. Conradie, getitel *Die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerk in die Boer-Kolonie Chubut, Argentinië*. Die uitgawes van *De Kerkbode* van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en *De Kerkblad* van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika bevat ook baie belangrike studiemateriaal.

Om 'n volledige beeld van die kerklike lewe van die Afrikaners in Argentinië te kry, is die deurwerk daarvan uiters belangrik.

Die Gereformeerde Kerkargief te Potchefstroom bevat in sy versamelings oor die verskillende Algemene Kerkvergaderings in die nalatenskappe van di. Vorster, Hamersma, Dirk Postma, in die notules van die Deputate vir Korrespondensie belangrike studiemateriaal wat vir die navorser van groot belang is.

Verskeie vervolgtydskrifte, soos *Ons Land*, *De Volkstem*, *De Zuid-Afrikaan*,

Die Burger, Die Transvaler, Die Vaderland, en verskeie Engelse koerante, asook *Die Brandwag, Die Ster* en *Die Huisgenoot*, is van groot waarde vir die navorser en daarsonder kan nie 'n geheelbeeld van die kerklike lewe van die Afrikaners in Argentinië gekry word nie.

Met hierdie werk word die resultaat nou aangebied van 'n poging om meer volledig en ook ontledend in te gaan op die beskikbare gegewens in verband met die kerk onder die Afrikaners in Argentinië. In 'n aantal bylaes wat agterin gevoeg word, kan ook 'n idee gevorm word van die taal en skryfwyse wat deur die Afrikaners in Argentinië gebesig is. Dit gee ook insig in 'n aantal dokumente wat nie maklik hier te lande bekom kan word nie.

Die eerste resultate van my navorsing oor die kerk onder die Afrikaners in Argentinië kan gevind word in 'n verhandeling deur my, getitel: *Die Kerklike lewe van die Afrikaners in Argentinië 1902-1915*. Die rede waarom dié proefskrif met 1915 begin en met 1954 afsluit, moet daarin gevind word dat die jaar 1915 'n nuwe periode in die verhouding tussen die Gereformeerde en Nederduits Gereformeerde Kerk in Chubut ingelui het. In 1915 het die periode van samewerking tussen die twee kerklike institute met ds. A.C. Sonneveldt, 'n predikant in Nederland, begin. Die periode is dan ook gesien as 'n belangrike voorportaal in die strewende na kerklike eenheid.

In 1954 het die laaste predikant, nl. ds. J.M. Opperman wat vanaf Suid-Afrika beroep was, teruggekeer. Hierna het die kerktal ook Spaans geword en het die „eenwording” tussen die Gereformeerdes en Nederduits Gereformeerdes 'n werklikheid geword.

Pogings is hierna ook in die werk gestel om 'n eie selfstandige Gereformeerde kerkverband in Argentinië te vorm wat dan ook in 1961 gerealiseer het. Die jaar 1954 kan dus as 'n goeie afsluitingsdatum beskou word vir die optekening van die geskiedenis van die kerk onder die Afrikaners in Chubut, Argentinië, wat ook die einde van die geskiedenis was van die stryd om tot kerklike eenheid onder die Afrikaners in Argentinië te kom.

Met die uitsondering van die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk Chubut tussen die jare 1926 tot 1936 waaroor daar weinig gegewens bestaan, sal met die werk die kerkgeskiedenis van die Gereformeerde Kerk Chubut en dié van die Nederduits Gereformeerde Kerk Chubut sedert die instituering van die kerke tot en met eenwording volledig opgeteken wees.

Indien hierdie navorsing 'n bydrae lewer tot die kennis en volledigheid van die historiese beeld van hierdie uitgeweke Afrikaners en hulle plek en taak in die Raadsplan van die Koning van die Kerk, naamlik Jesus Christus, dan wil ons ons daarin verheug. Mag die ywer, veral wat deur ds. Sonneveldt, 'n Nederlander van geboorte, aan die dag gelê is om kerklike eenheid onder die Afrikaners in Argentinië te bewerk, die drie Afrikaanse kerke opnuut inspireer om die ideaal te bereik om sodoende hulle roeping in Suider Afrika sonder die stremming van kerklike verdeeldheid te vervul.

